

25 April

Skrifgedeelte: Job 1

Fokusgedeelte: Job 1:22

Hoekom beproewinge?

Die boek Job gaan nie net oor die sogenaamde Job se geduld nie. Waaroor dan! Ook oor die doel van beproewings! Satan het Job se opregtheid in twyfel getrek. Hy beweer dat Job die Here dien ter wille van die voordeel wat hyself daaruit kry, soos rykdom, 'n geseënde lewe, ensovoorts. God daag Satan toe it om hierdie bewering te bewys.

Toe kom al die rampe en swaarkry oor Job se lewe. Job se reaksie? Hy raak verbitterd, maar verbreek nie sy verhouding met die Here nie. Dit bly ongeskonde. Satan se bewering het hierop neergekom. Dit gaan nie vir Job oor die Here nie, maar oor homself.

Toe kom Job se vrou en vriende, en wat hulle vir hom sê, is dieselfde: “Breek jou verhouding met die Here! Dit bring net smart!” Maar Job doen dit nie. Sofar beweer dat Job moes gesondig het; dis waarom hy so swaarkry: die Here straf hom. Elifas sê: “Jy het onreg gesaai en jy gaan dieselfde oes.” Bildad beweer: “Jy is 'n goddelose en jou lig sal doodgaan.” Hulle wil almal vir Job blind maak en wegtrek van die genade van die Here. Satan doen dit vandag nog.

Job se eerste woorde aan hierdie vriende is: “Wie maak die raadsbesluite?” Hy rig hulle gedagtes en fokus op die almagtige God! Hy herinner hulle daaraan dat vrymagtig is om te doen wat Hy wil.

God straf wel goddeloses en Hy seën gehoorsames (Deut 28). Maar Hy verbreek nie sy verhouding met sy kinders nie. Die verbond wat Hy met sy kinders gesluit het, staan vas. Jesus het juis gesterf om dit te bewys.

Beproewinge in jou lewe? Hoekom? Ons weet nie altyd nie, maar wat ons wel weet is dat elke swaarkry 'n geleentheid vir jou is om te wys hoe sterk jou verhouding met die Here is (kyk ook 7:18).

Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)